September 2026

SSK

# wenakker


NUUSBRIEF • NEWSLETTER

"Here, voor U is al my begeertes, en my gesug is vir U nie verborge nie." Psalm 38:10



Foto: Cathy van Eeden

# 'N UITTREKSEL UIT DIE VOORSITTERSVERSLAG
# A SYNOPSIS OF THE CHAIRMAN'S REPORT



Dirk van Papendorp (Voorsitter / Chairman)

Dit is vandag my voorreg om aan u verslag te doen oor die finansiële jaar wat aan die einde van Februarie 2026 afgesluit het. Dit is 'n verslag wat gekenmerk word deur 'n unieke en ongemaklike kontras: die kontras tussen 'n besonder veerkragtige, strategies suksesvolle landboubesigheid aan die een kant, en die harde daaglikse stryd om ekonomiese oorlewing op die Lid se plaas, aan die ander kant. As Voorsitter wil ek u vandag reguit in die oë kyk en die harde realiteit onomwonde noem: Sedert middel 2024 trek die absolute meerderheid van ons lede geweldig swaar.

Our farmers are not held back by poor management or a lack of expertise on the farm. They are held back by a macro-economic price squeeze and a policy environment that has become increasingly unsustainable.

Ons beleef lae graan- en melkpryse te midde van hardnekkige hoë brandstofpryse en insetkoste. Die wol- en skaapvleispryse (alhoewel tans op 'n goeie vlak) bly sywaarts beweeg, terwyl arbeid-, voer- en direkte plaashek uitgawes jaarliks met tussen 12 en 15% styg. Boonop moes ons suiwelprodusente die rampspoedige gevolge van die Bek-en-klouseer uitbraak vroeg in 2025 trotseer – 'n krisis wat vererger is deur die owerhede se gebrekkige hantering en ondoeltreffende bio-sekuriteitsmaatreëls.

To understand these pressures however we cannot view South Africa in isolation. Today, more than ever before our agricultural sector is exposed to the shockwaves of an increasingly volatile global geopolitical landscape. The major international conflicts currently gripping the world – particularly those involving Iran and the United States, as well as the protracted war between Russia and Ukraine, are causing significant disruptions to both agricultural input costs and export markets. The escalation of tensions involving Iran has had a direct ripple effect on global energy and chemical markets, driving up crude oil prices and placing substantial upward pressure on fertiliser prices due to disruptions in international production and logistics supply chains.

As 'n landbousektor wat sterk op uitvoere ingestel is, is Suid-Afrika uiters kwesbaar vir hierdie skuiwe. Ons sit met 'n direkte bedreiging van tariefstygings wat ongunstig is vir die uitvoer van veral ons sitrus en ander vrugte na die VSA en 'n onmiddellike demper op die winsgewendheid van die vrugteprodusente in ons bedieninggebied. Wat die situasie verder op plaaslike vlak vererger, is ons eie regering se apatiese houding en gebrekkige buitelandse onderhandelingsvaardighede teenoor ons grootste Westerse handelsvennote.

Hierdie marksituasie is verder vererger deur uiters strawwe en onvoorspelbare klimaatsomstandighede. Die 2025-seisoen het met uitstekende reënval afgeskop, maar het toe in Julie skielik omgeswaai na 'n strawwe periode van ongeveer vyf maande met feitlik geen druppel reën nie. Die eerste betekenisvolle reën het eers weer in Maart 2026 geval. Die gevolg was koring-, gars- en canola-oeste wat steeds ongelooflik goed was inaggenome die abnormale min reën, maar ongelukkig nie die aanvanklike geskatte volumes kon oplewer nie. Dit het 'n groot impak gehad op ons boere se marges en ons eie graanafdeling se winsgewendheid, en die beplande 450 000 ton kerf kon ongelukkig nie met oestyd bereik word nie.

Dit bring my direk by die kern van my verslag, en die groot strategiese dilemma wat vandag voor hierdie vergadering rus: die kontras tussen wat in die jaar alles finansieel op plaasvlak verkeerd geloop het teenoor die bogemiddelde goeie finansiële resultate van SSK. Die SSK Groep se waarde van sake gedoen styg met 27 4% tot R11 5 miljard en kan spog met 'n wins voor belasting en ledebonusse van R784.5m.

For the Co-operative alone, the value of business conducted increased by only 7.45%, while profit before tax declined modestly by 3.2% to R143.4m. This reflects the realities experienced across the agricultural sector in our region.

In hierdie verband wil ek ons filiale uitlig vir hul flinke prestasie en betekenisvolle bydrae om die groepwins sterk te ondersteun. Soill het 'n uitsonderlike bydrae gelewer met 'n Netto Wins van R205,4m, terwyl Technifarm met R7,2m en Eureka Mills met R6.95m stewig hiertoe bygedra het. Voeg hierby die netto winste van ons nuwe filiale naamlik HLK R124,6m en PSP Investments R14,7m en amper R360m se wins word net deur ons grootste filiale tot die Koöperasie toegevoeg.

Our newest division within SSK, Umtiza Farmers' Corp, which became part of SSK on 1 June 2025 also exceeded expectations by delivering an impressive net profit of R3.1m.

En, waarom is hierdie eksterne sukses vir u as primêre produsent van onskatbare waarde? Hierdie winste is die anker wat die hele skip in die storm op sy plek hou. Dit vloei vanjaar deels direk na u toe, terug in die vorm van 'n totale ledebonus van R75 miljoen – R15m in kontant en R60m as uitgestelde bonus. 'n Verdere R55m word ook uitbetaal as deel van die 2023 bonusrotasie. R113,2m gaan direk na reserwes en versterk sodoende SSK se balansstaat.

Ons is uiters dankbaar vir goeie landboutoestande wat tans oor ons hele bedieningsgebied heers. Ongelukkig is ons vrugte-industrie (wingerd en sitrus) onlangs erg geknel deur emstige vloede in die Breërivier- en Gamtoosvalleie.

This brings me to an official farewell. After 14 years of dedicated service as a Director, our Vice Chairman Schalk Viljoen, steps down from the Board today. "Schalk, you have served with great distinction, diligence, and sound strategic insight. We have deeply valued your integrity, unwavering commitment and the pride with which you have represented SSK as one of its finest ambassadors. On behalf of the Board, management, and the entire SSK family, we extend our sincere gratitude and wish you and your family every success and happiness in the years ahead."

Landbou loop in siklusse. Globale konflikte, tariefoorloë en plaaslike beleidsekstremes sal kom en gaan, maar die grond en die boer bly staan. Soos Francois Swanepoel dit so mooi in die Jaarverslag opsom: "Die uitdagings van vandag is werklik, maar die geleenthede vir môre is net so sterk – en dalk selfs sterker. SSK is u mees kritieke strategiese vennoot.

Ek dank u.

*- Dirk van Papendorp*
*Voorsitter / Chairman*

# PK UYS VAN WANSBEK-OOS BOERDERY



V.l.n.r: (voor) PK
V.l.n.r (agter): Lucas, Lenèl, PK en Conrad

PK Uys van Wansbek-Oos Boerdery, Agterkliphoogte in die Robertson-distrik, is beslis nie bang vir uitdagings nie – inteendeel, dit is juis wanneer hy in die diep kant ingegooi word, dat 'n mens hom op sy beste sien. As een van die finaliste in vanjaar se Agri Wes-Kaap Jongboerkompetisie was dit lekker om tyd saam met hom en sy familie op hul plaas deur te bring en uit te vind wat sy passie vir boerdery aanwakker. Dit is die middel van die Julie-skoolvakansie, en ek is nie die enigste besoeker nie. Die Uys-huis borrel van energie, met niggies en nefies wat besluit het om die vakansie op die plaas deur te bring.

Lenèl, PK se vrou, is die tweede oudste van vier susters en die derde geslag wat op die plaas boer. Sy is die einste rede hoekom PK nou al vir meer as 12 jaar in dié omgewing boer. Die twee het mekaar in 2007 op Elsenburg ontmoet waar hy Akkerbou, Groot- en Kleinvee studeer het. Voordat hy en Lenèl in April 2011 getroud is, het hy min van die wynboerdery geweet. As boorling van Heidelberg was skaap-, bees- en graanboerdery al waarmee hy vertroud was. PK is die middelste van drie broers. Toe sy oudste broer, Pietie, in 2009 terug plaas toe kom, het hy besluit dat hy êrens anders vir hom 'n geleentheid moet skep om sodoende ook nader aan Lenèl te kan wees.

Dit was met geluk dat die eienaar van die buurplaas Wansbek, in dieselfde tyd opsoek was na 'n plaasbestuurder en PK het die geleentheid met albei hande aangegryp. Hy vertel dat alles wat hy vandag van wingerd en wyn weet, te danke is aan oom Hannes Erasmus, wat hom geleer snoei het en alles wat gepaard gaan met wingerd en steenvrugte. PK noem dat dit hom vir altyd sal by bly asook die geleentheid wat oom Hannes hom gegee het. Toe oom Hannes hom vra of hy enige kennis van die verbouiing van wingerd en steenvrugte het was sy woorde "nee oom maar as oom my wys, sal ek leer". In November 2014 is hy sy volgende geleentheid aangebied toe hy na Wansbek-Oos verhuis om saam met sy skoonpa, oom Philbert Lourens, te boer. Vinnig het hy al hoe meer van die wynbedryf geleer onder die leiding van oom Philbert, wat vas geglo het dat niks in die lewe onmoontlik is nie – waar daar 'n wil is, is daar 'n weg.

Weens gesondheidsredes is oom Philbert nie meer by die daaglikse bestuur van die boerdery betrokke nie en rus dié verantwoordelikheid nou op PK en Lenèl se skouers. "Met my skoonpa se siekte is ek in die diep kant ingegooi. Ek mis sy insig en waardevolle kennis verskriklik baie," vertel hy. Sy skoonouers bly ook op die plaas en daar word gereeld saam gekuier. Hy voeg by dat dit nou baie beter gaan met sy skoonpa of soos hy hom noem sy wingman. "Ek is die Here so dankbaar dat hy Pa vir ons gespaar het en ek sien uit na nog vele projekte wat ek en my wingman saam gaan aanpak."

Terwyl ons koffie drink, is die "kleinboere" buite doenig. Dis trekker ry, hanslammers melk gee en groente plant vir hul drie seuns PK (11), Lucas (7) en Conrad (5). Conrad skenk my 'n kool en 'n botterskorsie uit sy eie tuin en ons kliek dadelik toe ons uitvind ons deel een geboortedatum. Die 230 hektaarplaas spog met verskeie wyndruiwe- en steenvrugtekultivars. "Ons ervaar 'n laer siektedruk as produsente aan die ander kant van die berg, en die ideale warm klimaat speel ook in ons guns. Tegnologie speel natuurlik 'n belangrike rol, en ek pas al hoe meer presisieboerdery toe, wat ons met grondontledings per blok help om beter besluite te neem asook meganiese snoei," sê hy.

Hulle produseer 55% rooi- en 45% witwynkultivars wat aan Bonnievale Wynkelder gelewer word. Die rooi kultivars sluit Pinotage en Cabernet Sauvignon in met Rubernet en Pinot Gris wat vir versnitting gebruik word. Sauvignon Blanc, Chenin Blanc, Chardonnay en Colombar maak deel uit van die witkultivars. Hulle verbou dan ook Grenache, wat vir die produksie van Rosé gebruik word, terwyl druiwe van hul rooi en wit kultivars bydrae tot die maak van Muskadel. Die perskes en appelkose wat geoes word, word aan AFPAC Langeberg Foods gelewer vir die verwerking van ingemaakte vrugte. Verder boer hulle op kleinskaal met Dormerskape en Charolais-vleisbeeste.

> *"Sy mede-produsente en die gemeenskap lê hom na aan die hart, en hy glo vas in die waarde van spanwerk."*

Én, as ek vir PK vra oor hoeveel handtekeninge hy al uitgedeel het sedert sy deelname aan die Agri Wes-Kaap Jongboerkompetisie, lag hy net. "Dit was 'n wonderlike ervaring. Ek het ingeskryf om te sien wat ander produsente doen en waar ek myself, veral ten opsigte van tegnologie, met hulle kan vergelyk. Ek wou by ander leer en ek is baie bly ek het deelgeneem – dit was 'n uitstekende leerskool," verduidelik hy. PK voeg by dat sy grootste ondersteuner, ook in sy persoonlike lewe, Lenèl is. "Sy is 'n ware go-getter, deeglik in alles wat sy aanpak en maak seker ek bly nederig."

Lenèl wat die administrasie van die besigheid behartig, vertel dat die blootstelling en ervaring wat PK tydens die kompetisie opgedoen het, hom nóg meer positief oor die landboubedryf gemaak het. "Hy is 'n mens-mens en glo in 'work hard, play even harder.' Hy geniet mense, is altyd betrokke en wil niks misloop nie. Sy mede-produsente en die gemeenskap lê hom na aan die hart, en hy glo vas in die waarde van spanwerk."

Dis lekker om mense te ontmoet wat jou so hartlik ontvang dat wanneer dit tyd is om te groet, dit voel asof julle mekaar al jare ken. Benewens sy nederige geaardheid en die mylpale wat hy reeds as mens en boer bereik het, is PK soos goeie wyn – hy het nie 'n krans nodig om sy gehalte te bewys nie.

*- Astrid Fisher*
*Bemarking en Kommunikasie Spesialis*

# LE ROUX VAN DYK

## Marketer: SSK Mechanisation

### TELL US ABOUT YOURSELF AND YOUR FAMILY

I was born in Ceres and raised in Riversdale, where I completed my schooling at Volschenk Primary School and Hoër Landbouskool Oakdale. Riversdale was a wonderful place to grow up, with its iconic purple Jacaranda trees, the majestic Sleeping Beauty mountain, and the warmth and friendliness of the community including its farming community - memories that will always remain close to my heart. In 2008 I moved to Oudtshoorn where I fell in love with the unique beauty of the Karoo shrubs, the majestic Swartberg Mountains and my wife, Marelize. We were married in 2011 and have since been blessed with two energetic and lively sons.

Last year, our family relocated to Swellendam when I joined SSK Mechanisation as a Marketer. It has been a privilege to become part of this community and we are grateful to call Swellendam home.

### WHAT DO YOU ENJOY DOING TOGETHER AS A FAMILY?

As a family, we love any activity that allows us to discover something unique, learn something new, and, above all, experience the outdoors. We enjoy camping, taking part in Parkruns, and, more recently, exploring the many hiking and mountain biking trails around Swellendam. We're still getting used to all the hills, but we wouldn't have it any other way.

### SUM UP YOUR CAREER UNTIL NOW

After completing my BTech degree in Agricultural Management at Saasveld, I gained experience across several industries, including farming, tourism, manufacturing, and distribution. I was fortunate to return to the agricultural sector when I joined TimAgri in Oudtshoorn, where I specialised in the sales of agricultural sprayers and related components. That role provided valuable industry experience and ultimately led me to my current position at SSK.



F.l.t.r: Janru, Luan, Marelize and Le Roux van Dyk

### WHAT IS YOUR GREATEST CAREER ACHIEVEMENT?

I enjoy and take great pride in driving business growth and building lasting relationships. Throughout my career, I have enjoyed contributing to the increased turnover, growing customer numbers, and strengthening customer relationships in every business and role I have been part of.

### WHERE DO YOU SEE YOURSELF AND SSK IN 5 YEARS?

SSK is a professional and dynamic business, and I thoroughly enjoy working with both our farmers and the mechanisation team. I look forward to continuing to grow within the co-operative and, God willing, making the most of every opportunity to expand SSK's customers and strengthen its business in the years ahead.

### WHAT IS THE BEST ADVICE YOU'VE EVER RECEIVED?

"Find joy in embracing life's journey and cherishing the people around you - life is not merely about reaching a destination."

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | MEI 2026 | JUNIE 2026 | JULIE 2026 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 116 | 60 | 0 |
| Albertinia | 115 | 88 | 22 |
| Ashton | 66 | 38 | 8 |
| Avontuur | 960 | 146 | 30 |
| Cookhouse | 33 | 65 | 25 |
| George | 22 | 27 | 30 |
| Heidelberg | 69 | 73 | 21 |
| Herold | 252 | 116 | 3 |
| Humansdorp | 273 | 180 | 52 |
| Joubertina | 381 | 86 | 16 |
| Karringmelks | 87 | 79 | 19 |
| Kirkwood | 179 | 114 | 12 |
| Knysna | 287 | 153 | 36 |
| Krakeel | 465 | 88 | 18 |
| Krombeksrivier | 68 | 70 | 21 |
| Misgund | 426 | 97 | 22 |
| Mosselbaai | 165 | 125 | 25 |
| Oos-London | 69 | 58 | 86 |
| Patensie | 198 | 103 | 45 |
| Protem | 61 | 55 | 14 |
| Plettenbergbaai | 300 | 172 | 38 |
| Riversdal | 92 | 89 | 17 |
| Swellendam | 46 | 81 | 23 |
| Uniondale | 340 | 83 | 2 |

Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.



# HOOFBESTUURSTOEKENNINGS 2026




V.l.n.r (voor): Rulindi Nel (Graangradeerder: Heidelberg Silo), Nicolene Belcher (Admin Beampte: Krediteure Swellendam), Jakkie Samboe (Senior Winkelbemarker: Agriland Riversdal), Anwha Oerson (Voerstoor Beampte: Agriland Swellendam), Tommie Prins (PLM Spesialis: Meganisasie Heidelberg) Afwesig: Tylor Baartman (Tegniese Spanleier: Tegnologie Swellendam) V.l.n.r (agter): Pieter Malan (Hoofbestuurder: Graan), Werner Kruger (Hoofbestuurder: Kommersieel), Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte), Dirk van Papendorp (Voorsitter) en Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin)

## SKOLE GRAANPROJEK KOMPETISIE 2025/26



Die wenner van die SSK Skole Graanprojek 2025/26 is MS Streicher Boerdery, Swellendam-distrik. Pieter Malan, Hoofbestuurder: Graan, oorhandig die toekenning aan Mnr. Van Dyk Bester, bestuurder van MS Streicher Boerdery.

## SSK ALGEMENE JAARVERGADERING




Francois Swanepoel, SSK se Hoof Uitvoerende Beampte, spreek lede en gaste toe tydens SSK se 95ste Algemene Jaarvergadering te Swellendam.

Agri Land SSK — SSK — UMTIZA FARMERS' CORP

## LONG SERVICE RECOGNITION

**20 YEARS:** Ronald Appollis, Ronel Swart and Melikhaya Bouwer

**15 YEARS:** Zukisani Mati, Ruben Floors, Marco Botha, Peter Jonkerman and Tom Pieterse

**10 YEARS:** Catherine Wiesel, Heinrich Prince, Ilona Stroebel, Xolile Yilani, Abraham Paulsen, Frederick Hoffman, Charlene Robinson, Stephan Gouws, John Mong, Franrico Bayman, Zola Dano, Constance Classen and Christiaan Lategan

# APPLE EXPRESS No. 17 CLASS NG 15

Daar is iets nostalgies rakende 'n verlate treinstasie, maar dit is veral die kenmerkende geluid van 'n stoomtrein wat af en toe nog 'n verskyning maak, wat groot opgewondenheid ontlok – nie net by dié wat daarmee grootgeword het nie, maar ook by die geslagte wat dit vir die eerste keer beleef. Wat eens 'n florerende en onmisbare vervoermiddel in Suid-Afrika was, word en sal vir baie nageslagte moontlik slegs deur foto's en herinneringe voortleef.

Vandag is die meerderheid van Suid-Afrikaanse spoorlyne toe gegroei onder onkruid, en baie treinstasies staan verlate – stille getuies van 'n vervloë era wat eens met bedrywigheid gevul was. Soos soveel ander treinstasies vertel hierdié stasie die ryk geskiedenis en die verhaal van landelike gemeenskappe wat rondom die spoorwegbedryf ontstaan, floreer en gegroei het.

Die *Apple Express*-smalspoorlyn wat in die vroeë 1900's 'n belangrike rol in die vrugtebedryf van die Oos- en Wes-Kaap gespeel het en vandag deel van Suid-Afrika se spoorwegerfenis vorm, het oor 'n afstand van 283 kilometer tussen Gqeberha en Avontuur gestrek. Dit was die wêreld se langste 2-voet (610 mm)-smalspoorlyn en is vandag ook die laaste oorblywende smalspoorlyn wat deur die *South African Transport Services* (vandag Transnet) bedryf is.

Die gedagte en planne om met die opmeting van die spoorlyn te begin, het reeds in April 1896 ontstaan. Weens finansiële oorwegings het die Parlement van die Kaapkolonie in 1899 goedkeuring verleen vir die aanleg van 'n smalspoorlyn in plaas van 'n 1 067 mm-standaard spoorlyn. Die Parlement het R890 000 (£445 000) vir die projek bewillig, met die voorwaarde dat die spoorlyn "vanaf 'n plek in of naby Port Elizabeth tot by 'n plek in of naby Avontuur" aangelê moes word.

Daar is in Mei 1902 met die grondwerk begin en aan die einde van dieselfde jaar is drie sytenklokomotiewe beskikbaar gestel vir die vervoer van goedere en wat aan die ingenieursdepartement se treine gehaak is. Hierdie treine het nie daagliks gery nie en goedere is op eienaarsrisiko vervoer.

Die spoorlyn is amptelik in Desember 1903 geopen, met Geduldsrivier in die Gqeberha-distrik (voorheen Gedultzrivier) as eindbestemming. Gedurende die aanvanklike bedryf is passasiers vervoer, hoewel die diens beperk was tot besigtigingstoere wat slegs op Saterdae en Sondae aangebied is. Die spoorlyn is daarna stelselmatig verder uitgebrei. Op 1 November 1905 is die lyn tot by Humansdorp verleng, gevolg deur Two Streams op 1 Maart 1906 en Assegaaibos op 15 Junie 1906. Die uitbreiding het voortgegaan met Heights, wat op 3 September 1906 bereik is, waarna die spoorlyn op 1 Oktober 1906 tot by Krakeelrivier en op 1 Desember 1906 tot by Misgund, geopen is. Die groot mylpaal is uiteindelik op 1 Januarie 1907 bereik toe die stoomtrein sy eindbestemming, Avontuur, bereik het – 'n gebeurtenis wat met groot opgewondenheid verwelkom is.

Langs die spoorlyn is waterpunte en asstortfasiliteite op verskeie plekke ingerig om stoomlokomotiewe onderweg te bedien.

Alhoewel die stoomtrein algemeen as die *Apple Express* bekend geword het, omdat dit aanvanklik ontwerp is om vrugte (spesifiek appels) vanuit die Langkloof na Port Elizabeth te vervoer, was die trein se oorspronklike naam die *PEAR Train – Port Elizabeth Avontuur Rail*.

**Interessante feite:**
- Treinnommer: No. 17 Class NG 15
- Vervaardiger: Henschel & Sohn
- Engingewig: 32034 kg
- Steenkool: 5.5 ton
- Water: 12 870 liter

Met die infasering van busdienste het passasiersvervoer per trein geleidelik iets van die verlede begin word. In 1940 is passasiersvervoer op die *Apple Express* gestaak. Die passasiersdiens op dié trein is in 1965 weer heringestel maar teen 1971 het syfers getoon dat passasiersvervoer nie meer met die gerief en doeltreffendheid van busdienste kon meeding nie. In 'n poging om dienste te bevorder, is die Avontuur-stasie in 1976 opgegradeer. As deel van dié opgradering is 'n lokomotief as uitstalstuk by die stasie geplaas. Nadat verskeie pogings aangewend is om die *Apple Express* op die spoor te hou, was dit egter nie meer volhoubaar nie. In 1984 is die stoomtrein as onwinsgewend verklaar.

Jimmy Zondagh van Avontuur, onthou dit asof dit gister was toe hulle die nuus op televisie kyk en hoor dat hul Avontuur-lokomotief deur Spoornet aan die Duitse lokomotief-vervaardiger, Hanomag verkoop is. "Dit was 'n hartseer dag vir my pa en die breë Avontuur-gemeenskap " vertel hy. Jimmy se pa, oom Errol was vriende met Mnr. Hennie Loots wat daardie jare by die Suid-Afrikaanse Lugdiens en Spoorweë maatskappy gewerk het. Oom Errol het 'n brief aan Spoornet geskryf en sy ongelukkigheid met die bestuur gedeel.




Foto: Peter Burton Collection




Foto: Alan Todkill


Photo © Sue Lawrence



Photo: Sue Lawrence 1984

Ná goedkeuring is daar besluit om op 29 Mei 1991 'n ander smalspoor-stoomlokomotief, die NG 15 no. 147, aan die Avontuur-gemeenskap te skenk. 'n Gedeelte van die oorspronklike spoorlyn is verwyder en by die huidige uitstalpunt heraangelê tot by die punt waar die lokomotief vandag as gedenkstuk staan. Twee jaar later, in 1993, het Spoornet die *Apple Express* se dienste permanent gestaak.

Kort ná die staking is daar gepoog om die erfenis van dié ikoniese stoomtrein te bewaar. Spoornet het ingestem om die bedryf van die trein aan 'n private operateur, *Alfred County Railway*, oor te dra, wat die diens met die hulp van vrywilligers sou bestuur. Ná verskeie onderhandelings het die *Apple Express* weer stoom opgetrek, en gedurende die Desember 1993- en Januarie 1994-vakansie word toeriste tot by Loerie vervoer. Die herlewing was egter van korte duur. In 1995 het *Alfred County Railway* hulle aan die ooreenkoms onttrek, aangesien hulle nie meer in staat was om die trein op die spoor te hou nie.

In Augustus 1995 word die *Apple Express Society* gevorm en in samewerking met Transnet, neem die organisasie die bestuur van die stoomtrein oor. Die organisasie beskik oor 'n stel van 20 smalspoor-passasierswaens, tesame met 'n aantal historiese goederewaens.

Die hooflokomotiefdepot was nog altyd by Humewoodweg, Gqeberha geleë. Die depot is tot in die middel-1980's gebruik, waarna dit tot 2005 as basis vir die *Apple Express* gedien het. Hierdie bedrywighede moes egter beëindig word weens toenemende vandalisme. Die instandhouding en restourasie van alle lokomotiewe asook die restourasie van die passasierswaens is toe na die veel veiliger Humewood Smalspoor-dieseldepot verskuif. In 2025 is be-sprekings tussen die Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit en 'n toeroperateur van stapel gestuur om die *Apple Express* weer in bedryf te stel met dié dat dit toeriste in die toekoms na verskeie dele van die Oos- en Suid-Kaap sal vervoer.

As ek vandag terugdink na die dae toe hierdie staalyster nog gery het, sal g'n nugter mens seker vir my kan verduidelik hoekom ons as kinders ons byna nerfaf geval het om betyds by die spoorlyn uit te kom nie - vas oortuig dat die treindrywer vir ons 'n lekkertjie sou gooi. Dit het natuurlik nooit gebeur nie. 'n Herinnering wat wel vassteek en 'n besonderse belonings, soos almal saam met die trein langs die spoor gehardloop het, sal die vriendelike groet uit die lokomotief wees en die onvergeetlike "Choo Choo!"

***- Astrid Fisher***
***Bemarking en Kommunikasie Spesialis***


Jimmy Zondagh en SSK Agriland-personeel voor die NG 15 no. 147 lokomotief wat tans by Agriland Avontuur staan.



Transnet-verteenwoordigers en hul gades saam met oom Errol Zondagh (in rolstoel), met die oorhandiging van die lokomotief in Avontuur in 1991.



Die oorspronklike Nr 3, NGG 13 wat in 1927 deur Hanomag in Duitsland gebou is kom by Avontuur treinstasie aan.


'n Stoomtrein trek stoom deur die Langkloof.

# DIE SSK VERHAAL




Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte) en Erenst Pelser (voormalige Hoof Uitvoerende Beampte)

Dit was 'n aand gevul met egte Koöperasiestories – stories wat herinneringe wakker gemaak het en gevoelens van trots en vernuwing laat opvlam het oor dit wat was, dit wat is en dit wat nog kan wees. Vir sommige was dit 'n geleentheid om kosbare herinneringe en spesiale oomblikke met ander te deel; vir ander 'n besondere kans om hul visie en hoop vir SSK se toekoms met die leiers te deel wat die grondslag daarvoor help lê het.

Op Dinsdag, 9 Junie 2026, het die Swellendam Besigheidskamer juis hierdie gees vasgevang tydens 'n gesellige Toeka tot Nou Aand waar die verlede en toekoms van SSK op 'n besondere manier saamgebring is. Erenst Pelser, voormalige Hoof Uitvoerende Beampte van SSK, en Francois Swanepoel, die huidige Hoof Uitvoerende Beampte, was die gassprekers. Saam het hulle gaste op 'n reis deur 28 jaar van SSK se geskiedenis geneem – van belangrike mylpale en uitdagings tot die geleenthede en visie wat die Koöperasie se toekoms rig.

Die aand het afgeskop met Edward Thirion Voorsitter van die Swellendam Besigheidskamer, wat almal verwelkom het. Hy het beklemtoon dat besighede soos SSK 'n onmisbare rol in die dorp en sy gemeenskap speel.

Die aand het voortgegaan met Erenst Pelser wat teruggeblik het op sy 24 jaar (1998–2022) by SSK. Hy het sy toespraak begin deur voormalige direkteure, onder andere Piet (Sands) Uys, Hennie Steyn en Piet (Takkies) Uys, wat ook die aand bygewoon het, welkom te heet en hulle te bedank vir hul ondersteuning gedurende sy termyn as Hoof Uitvoerende Beampte.

Daarna het hy teruggekeer na 'n belangrike besluit wat in 1998 by SSK se eerste strategiese vergadering geneem is om SSK se hoofdoelstelling te wysig – 'n verandering wat volgens hom van groot belang in die Koöperasie se ontwikkeling en visie was. Die hoofdoelstelling lees as volg met die insluiting van die woord "organisasie": "Om met die behoud van stabiliteit, die welvaart en voortbestaan van die organisasie en sy lede deur groeiende diversifikasie te bevorder." Hy verduidelik - "die organisasie en sy lede is met mekaar verbind; 'n organisasie kan nie sonder sy lede voortbestaan nie en lede kan nie sonder 'n sterk organisasie nie."

Hy vertel hoe die Koöperasie sy ontstaan gehad het op 15 Julie 1931, 'n Stigtingsvergadering van die "Onbeperkte Korporatiewe Vereeniging" – 'n koöperasie met onbeperkte aanspreeklikheid, is gehou. Die vergadering is deur ses boere bygewoon: vyf uit die Swellendam-distrik en een uit Heidelberg. Die onbeperkte aanspreeklikheid het egter oor die jare groot kommer onder lede veroorsaak. Gevolglik is daar op 27 Februarie 1943 versoek dat 'n vergadering belê word om die saak te bespreek. Ná uitgebreide beraadslaging het 217 lede op 2 Oktober 1943 aan die Direksie volmag gegee om die Swellendam Heidelberg Korporatiewe Landbou Maatskappy Beperk met beperkte aanspreeklikheid, te stig. Die oorgang het geleidelik plaasgevind. Op 21 Desember 1943 is die laaste Direksievergadering van die oorspronklike Koöperasie gehou, gevolg deur die eerste Direksievergadering van die nuwe Koöperasie. In die vroeë 1980's is die naam verander na Sentraal-Suid Koöperasie Beperk.

Erenst het ook 'n oorsig gegee van SSK se groei deur strategiese beleggings in filiale en belangrike mylpale in die Koöperasie se ontwikkeling. Hy het onder meer verwys na die oorname van Tuinroete Agri op 1 Desember 2013 wat SSK se bedieningsgebied en dienste verder uitgebrei het. Hy deel ook meer agtergrond oor die stigting van SSK Veevoer Vervaardigers. Die voorstel om 'n veevoeraanleg te stig, is aanvanklik by twee geleenthede deur die Direksie afgekeur. In 1999 is die voorstel egter weer aan die Direksie voorgelê en hierdie keer goedgekeur – 'n besluit wat daartoe gelei het tot 'n belangrike uitbreiding van SSK se bedrywighede.

Hy gaan verder en vertel dat een van die belangrikste besluite gedurende sy termyn as Hoof Uitvoerende Beampte in 1998 geneem is, toe die Lede en Direksie besluit het om nie SSK van 'n koöperasie na 'n maatskappy om te skakel nie. Volgens hom was die besluit om SSK se koöperatiewe identiteit te behou een van die beste besluite wat die besigheid ooit geneem het, aangesien dit die waardes, eienaarskap en ledegerigte benadering waarop die Koöperasie gebou is, behou en versterk het.

Francois Swanepoel groet almal en saluut oud-bestuurs- en Direksielede met 'n aanhaling van Isaac Newton "As ek verder as ander kan sien, dan is dit omdat ek op die skouers van reuse gestaan het." Hy verduidelik dat sy toespraak wel op SSK se mylpale en ontwikkeling sedert 2023 fokus, maar dat dit net so belangrik is om die huidige landbou- en ekonomieseomgewing te verstaan. Volgens hom is dit noodsaaklik om bewus te wees van die uitdagings en geleenthede wat die landbousektor tans beïnvloed, aangesien dit die besluite stel wat geneem moet word om SSK strategies te posisioneer vir 'n volhoubare en suksesvolle toekoms.



Hy verwys na die afname in die aantal landboubesighede spesifiek in die Wes-Kaap en Suid-Afrika as geheel. Om die prentjie te illustreer, gebruik hy die voorbeeld van Groep 14 sowat 25 jaar gelede – 'n forum waar 14 landboubesighede een keer per kwartaal byeengekom het om sake en uitdagings in die landbousektor te bespreek.

Hy het daarop gewys dat die landskap sedertdien ingrypend verander het. Waar daar destyds 14 landboubesighede was, is daar vandag in die streek vanaf Mosselbaai tot Morreesburg slegs vyf oor. Landswyd het die getal ook wesenlik afgeneem – 'n duidelike aanduiding van die konsolidasie wat die landbousektor oor die afgelope twee dekades ondergaan het en die noodsaaklikheid om strategies vir die toekoms te beplan.

Sy aanbieding sluit ook van die belangrikste mylpale wat SSK die afgelope jaar bereik het, in. Een van die hoogtepunte was die opening van die Distribusiesentrum op Herold, wat volgens hom 'n groot bydrae tot die Koöperasie se waardeketting lewer. Die sentrum verbeter logistieke doeltreffendheid, bespaar waardevolle tyd vir handelstakke en stel SSK in staat om kliëntediens verder te versterk. Hy het ook verwys na SSK se besluit om sy eie brandstofverspreiding te bestuur. "Ons lewer brandstof met ons eie brandstof-vragmotors wat deur Grain Carriers gekontrakteer word. As ons nie hierdie besluit geneem het nie sou ons met die onlangse brandstofkrisisse in groot moeilikheid gewees het," het hy gesê.


Op die oorname van Die Humansdorpse Landbou Koöperasie is hy ewe trots. Hy noem dat daar baie negatiewe opinies was oor die oorname. "Vandag kan ek met oortuiging sê dit was die regte besluit." Volgens hom het die oorname nie net waarde vir SSK en sy lede geskep nie, maar ook bygedra tot die behoud van 'n gevestigde Oos-Kaap landboubesigheid, sy werknemers en sy ledebasis. Hy deel met almal foto's van die SSK- en Agrilandhandelsmerke wat trots by persele in die Oos-Kaap staan.

SSK bly groei en dit is positief om te sien veral deur sy beleggings in filiale. Hy het daarop gewys dat die Koöperasie se belang in Eureka Meulens beduidend gegroei het – van 68% tot 94%. Eureuka Meulens se groei is self belowend. "Die besigheid bars uit sy nate," noem hy. Daarom is daar besluit om die onderneming na 'n perseel by Vleidam, net buite Heidelberg, te verskuif. Die bouplanne is reeds goedgekeur en die ontwikkeling sal binnekort 'n aanvang neem. As deel van dié uitbreiding is die bestaande perseel, wat aan SSK behoort het, aan Eureka Meulens verkoop. "Ons is baie opgewonde hieroor," het hy gesê en bygevoeg dat die ontwikkeling die onderneming in staat sal stel om sy groei voort te sit en toekomstige geleenthede beter te benut.

Hy sluit af deur te beklemtoon dat SSK se grootste bate steeds sy mense is – beide sy personeel en sy lede. "Ons is trots op dit wat SSK doen en ons bou doelgerig aan die toekoms om die platteland 'n beter plek te maak – tot voordeel van ons lede, hul gesinne en die gemeenskappe wat ons bedien."

*- Astrid Fisher*
*Bemarking en Kommunikasie Spesialis*

## FILIALE EN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS




Tailor-made lubricants for agriculture.
For over 60 years, local farmers have trusted our Agri range for exclusive solutions tailored to their needs.
Tractagri HDX 15W-40
Multagri MS 15W-40
TotalEnergies
AGRI RANGE
TotalEnergies
For more information, visit totalenergies.co.za.


KRAGTIG VINNIG EERSTE
Nuwe 3-bestanddeel-mengsel met 3-rigting-aksie!
EverGol® Energy is 'n swamdoder-saadbehandeling vir mielies, soja en koring, wat beskerming bied teen belangrike saad- en grondgedraagde siektes. Die drie aktiewe bestanddele bevorder sterker wortels, verbeter opkoms en bied 'n opbrengsvoordeel om jou gewasse se winspotensiaal te optimaliseer.
KRAGTIG = Gesonder plante
VINNIG = Vinniger opkoms
EERSTE = Opbrengsvoordeel
EverGol Energy
BAYER
#BAYERvoordeel | @Bayer4Crops
www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za /// Tel: +27 11 921 5002
LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK: EverGol® Energy 176.6 FS Reg Nr. L11351 (Wet 36 van 1947).
Bevat Prothioconazole (triazole) 76.8 g/ℓ, Metalaxyl (phenylamide) 61.4 g/ℓ en Penflufen (pyrazole carboxamide) 38.4 g/ℓ.
Waarskuwing. EverGol® Energy 176.6 FS is 'n geregistreerde handelsmerk van Bayer AG. Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07. Collaboration Hub, Eerste Vloer, Waterfall-sirkel, Country Estate Rylaan 9, Waterfall City, Midrand, 2090.
Waarskuwing Gevaarstelling:
- Uiters skadelik vir waterlewe met langtermyn gevolge.
- Bevat Metalaxyl, 1,2-benzisothiazolin-3-one, reaksiemassa van 5-chloro-2-methyl-2H-isothiazol-3-one en 2-methyl-2H-isothiazol-3-one (3:1). Kan 'n allergiese reaksie veroorsaak.

# SSK DIREKSIE 2026-2027



V.l.n.r (agter): Hampie Lourens Jonathan Barry, Daan du Plessis, Johann Muller, Maizie Vermaak en Thys Streicher
V.l.n.r (voor): Adriaan Steyn, Johannes Joubert, Thys Odendaal (Onder-voorsitter), Dirk van Papendorp (Voorsitter), Johann Reinecke en Pieter de Jager

# ONS GROET MNR. SCHALK VILJOEN NA 14 JAAR OP SSK SE DIREKSIE RAAD



Schalk met Bella, Ben, Landi en Schalk-Willem

Mnr. Viljoen tree uit na 14 jaar diens as lid van die Raad van Direkteure. Mnr. Viljoen het gedurende sy dienstermyn as lid van die Dagbestuurskomitee (14 jaar), Vergoedingskomitee (14 jaar), Oudit- en Risikokomitee (9 jaar), Sosiaal- en Etiese komitee (6 jaar, waarvan die laaste 4 jaar as Voorsitter), asook die Graanopbergingskomitee (9 jaar) gedien. Addisioneel het hy vanaf 2017 (9 jaar) as Onder-Voorsitter van SSK se Raad van Direkteure gedien. Sy waardevolle bydraes tot SSK gedurende sy ampstermyne word baie waardeer en ons bedank hom vir sy onbaatsugtige en toegewyde diens tot die organisasie en sy lede. Seënwense aan hom, sy vrou Landi en seuns Schalk-Willem en Ben, vir die toekoms.

# AGBIZ KONGRES | AGBIZ CONFERENCE

'n Belangrike byeenkoms op Suid-Afrika se landbou-kalender is die Agbiz-kongres en word elke tweede jaar aangebied. Die Kongres wat vanjaar van 3 tot 5 Junie by die Gqeberha Internasionale Konferensiesentrum plaasgevind het, bied 'n platform vir bedryfsleiers, beleidmakers landboubesighede en ander sleutelrolspelers uit die voedsel-, veevoer-, vesel- en wynbedrywe.

Die verkiesing van Agbiz se nuwe Bestuurskomitee het op die openingsdag plaasgevind en dit was 'n trotse oomblik vir die Koöperasie toe SSK se Hoof Uitvoerende Beampte, Mnr. Francois Swanepoel, as een van twee Adjunk-voorsitters van die Agbiz-leierskapspan, verkies is.

Mr. PG Strauss of VKB was appointed as the new Chairperson of Agbiz, while Ms Lukeshini Chetty of SANSOR was elected as the second Deputy Chairperson and will be sharing the role with Mr Swanepoel. The theme of this year's Congress was Embracing Collaboration, with the focus on the importance of partnerships and combined action while unlocking growth opportunities.

Verskeie sleutelaangeleenthede is deur afgevaardigdes oor die twee dae bespreek wat die toekoms van landbou, landboubesighede, handel, logistiek, finansies, volhoubaarheid, beleid en beleggings vorm. Die Kongres is dus 'n geleentheid waar rolspelers vanuit die verskillende landbousektore saamkom om die landboukwessies van ons land te bespreek, kennis en insigte te deel, die internasionale mededingendheid van die Suid-Afrikaanse landbou te versterk en gesamentlik volhoubare oplossings vir die uitdagings van die bedryf te vind.

It is for this very reason that Agbiz believes no single organisation or sector can tackle the challenges or unlock the opportunities within agriculture alone. Collaboration is essential to ensuring the long-term sustainability and growth of the industry.






# SSK SAAD IS WAARDEVOL



Franco le Roux van Klipdale Boerdery

Oestyd is om die draai, en met elke plantseisoen staan produsente voor belangrike besluite oor watter kultivars geplant moet word. Die regte kultivarkeuse kan 'n beduidende verskil maak aan opbrengspotensiaal, risikobestuur en winsgewendheid. Faktore soos aanpasbaarheid by plaaslike klimaatstoestande, weerstand teen siektes en plae, asook verdraagsaamheid teen wisselende weersomstandighede, moet deeglik oorweeg word.

Markvereistes speel ook 'n deurslaggewende rol. Wanneer graan gelewer word, wil geen produsent voor onaangename verrassings te staan kom nie. Daarom is dit belangrik om saam te werk met 'n span wat betroubare advies, uitstekende diens en die nodige tegniese ondersteuning bied om die beste besluite vir jou boerdery te neem wanneer dit by saad kom.

Vir Franco le Roux van Klipdale Boerdery in die Bredasdorp-distrik, is die kwaliteit van 'n kultivar net so belangrik soos die beskikbare verskeidenheid. Op dié plaas word hoofsaaklik koring en canola verbou, met gars wat op kleiner skaal aangeplant word. "Die groot voordeel van SSK Saad is onafhanklike raad ten opsigte van alle kultivars, veral by canola. Alle kultivars is beskikbaar van al die saad maatskappye. Sodoende kry ons altyd die regte saad vir my doeleindes. Veral met tekorte aan canolasaad die afgelope paar seisoene kon die span ons help met die beste alternatiewe as die nommer een keuse nie beskikbaar was nie. Ons werk hoofsaaklik nou en strategies saam met Gerdus Steyn en Stiaan Grobler. Ons kry deursigtige en eerlike diens van hulle af met belangstelling in jou besigheid. Om met SSK Saad sake te doen is meer soos 'n vennootskap as 'n tipiese kliënt-en-verskaffer-verhouding. Jy weet daar is geen verskuilde agendas nie en die beste word altyd vir jou as produsent toegewens. SSK se leuse *Werk saam. Wen saam* is dus nie net 'n slagspreuk nie – dit vorm die grondslag van die vennootskap tussen SSK en sy produsente."

Redaksie: Astrid Fisher | Tel: 044 601 1200 | astrid.fisher@ssk.co.za
Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Blitsdruk, George
Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.
www.ssk.co.za